Verdien AgriBonuspunte op alle produkte
deur Laeveld Agrochem aangekoop

Saam boer ons vooruit

Fokus op Abrie Coetzee

Lichtenburg area

Laeveld Agrochem versprei van die bekendste, navorsingsgedrewe maatskappye se produkte vir u absolute gemoedsrus.

Vir professionele kennis en advies kontak gerus vir Abrie Coetzee by
Sel: 083 448 0940 E-pos: abrie@laeveld.co.za

Ek was op Laerskool Sannieshof en het gematrikuleer in 1980 aan die Hoërskool Brandwag, Benoni.

Daarna het ek my militêre diensplig by Infanterie skool te Oudtshoorn voltooi.

In 1983 - 1986 het ek Landbou Ekonomie aan Tukkies gestudeer, waarna ek draaie gemaak het in die Koöperasiewese, plaasbestuur, eiendomsbemarking en later selfs kitskos totdat ek en my gesin ons kom vestig het in Potchefstroom waar ek betrokke geraak het as Landbou Chemiese agent in 2000.

Ons bedryf ons besigheid vanaf ons eie perseel, langs die N12 buite Potchefstroom, van waar my vrou Liza en my dogter ook ‘n kwekery bedryf.

My dogter se man is saam met my betrokke en behartig tans van die administrasie en store. Ons het drie kinders, ‘n seun en twee dogters waarvan die jongste nou matrikuleer. Stokperdjies sluit o.a. in; tuinmaak, bietjie boer, jag, voëlkyk en duik.

Dit is ons doelwit om met integriteit ons besighede te bedryf en ons kliënte as vennote in ons besighede te sien.

Voorspoedige kliënte maak ons voorspoedig.

Abrie sê: “Met die nuwe en wyer reeks van LAC, is dit ons strewe om nog meer waarde toe te voeg tot ons kliënte en ons gemeenskap.”